

HOOFSTUK

7

Opsomming

Interne beheer

- Interne beheer is die proses wat deur bestuur gebruik word om te verseker dat daar aan die onderneming se doelwitte voldoen word.
- Interne oudit word deur 'n onafhanklike persoon uitgevoer en meet en evalueer die effektiwiteit van die interne beheerprosesse.

Oudits

- Ouditbewyse word versamel deur die uitvoering van risiko-asseserings, prosedures, toetse oor beheer en substantiewe prosedures.
- Ouditsteekproefneming vind plaas deur gebruik te maak van statistiese of nie-statistiese steekproefneming. Ouditeure gebruik steekproefneming om bewyse oor die volgende in te samel:
 - Beheermaatreëls te toets vir die doel om 'n mening oor die onderneming se interne beheer uit te spreek
 - Beheermaatreëls te toets met die doel om beheermaatreëls se risiko's te assesseer
 - Nakomingstoetse rakende voldoening aan ondernemingsbeleid, owerheidsregulasies of ander kriteria
 - Toets individuele items ingesluit in rekeningsaldo's as 'n basis vir die bepaling van wesenlike verkeerde stellings wat bestaan
 - Verkeerde stellings wat in rekeningsaldo's voorkom.

Steekproefnemingstegnieke

- Willekeurig. Willekeurige metodes elimineer die moontlikheid van onopsetlike partydigheid in die seleksie proses en help om te verseker dat die seleksie verteenwoordigend is.
- Statistiese seleksie. Statistiese steekproefneming maak van 'n statistiese plan gebruik wat verseker dat die reëls van waarskynlikheid gebruik word, sodat 'n wetenskaplike stelling oor die populasie gemaak kan word.

Die interne ouditverslag wat aan die finansiële bestuurder gerig word, bespreek die bevindinge rakende die interne beheerstelsels en prosesse.

Verskille tussen interne en eksterne ouditeur

Interne ouditeur	Eksterne ouditeur
• Konsulteer met departemente om vas te stel of beheerprosesse in plek is • Evalueer die effektiwiteit van die risikobestuur en beheerprosesse • Doen verslag aan die uitvoerende bestuur oor bevindinge	• Verskaf 'n billike weergawe van die onderneming se posisie en prestasie aan belanghebbende partye.
Rol • Verskaf sekerheid rakende risikobestuursprosesse • Verskaf sekerheid oor of risiko's korrek geëvalueer word • Evaluering van risikobestuursprosesse • Evaluering oor die verslagdoening met betrekking tot hoofrisiko's • Hersien die bestuur van hoofrisiko's	Rol • Samel bewyse in om redelike sekerheid te verkry dat die bedrag wat in die Finansiële State geopenbaar is, vry van wesenlike verkeerde stellings is.